
# 249 Kom, o langverwagte Jesus




Israel se krag en sterkte,
hoop en troos vir elke mens,
vreugde van verslae harte,
elke volk se diepste wens.

Ons Verlosser is gebore
om as koning te regeer;
oor die ryk van Gods genade
is die Kind vir ewig Heer.

Heers as Heer in al ons harte
deur u Gees wat in ons woon,
want dit is net u verdienste
wat ons ophef tot u troon.

Charles Wesley (1707-88) C.F. Witt (1660-1716)